

## Sondag 10 Februarie

<b>Skrifgedeelte: Numeri 11:31-35; Jakobus 4:1-3</b>	<b>Fokusgedeelte: Numeri 11:31-35;</b>
--	--

**akobus 4:1 (1953-vertaling)**

### **Die gulsiges se grafte**

Die Israeliete het gekla oor vleis. In Numeri 11:31-35 lees ons dat die Here wel vir hulle vleis gegee het. Hy het 'n wind gestuur wat kwartels vanaf die see gebring het en oor die laer “gestrooi” het, 'n meter hoog en ongeveer 'n dagreis wyd aan elke kant van die laer. Die wind het die voëls aangebring sodat hulle by die Israeliete se laer gaan sit het – 'n reuse swerm. Die wind het hulle verhinder om hoër as 'n meter te vlieg.

Die Israeliete het haastig en gulsig vir hulle vleis bymekaar gemaak – twee dae en 'n nag het hulle voëls gevang. Die mense wat die minste opgetel het, het 10 gomer (dit is ongeveer 360 liter) se vleis opgetel! Hulle het dit by die laer in die son gedroog.

Maar ... in hulle gulsigheid het die Here hulle gestraf. Die vleis was nog in hulle tande toe die Here hulle getref het. Ons lees die Here het 'n groot slagting onder die Israeliete gemaak. Die lyke van die mense wat dood is, is daar begrawe. Die Israeliete noem die plek “Kibrot-Hataäwa”, wat beteken “die grafte van die gulsiges”.

Jakobus skryf in sy brief oor die oorsaak van bakleiery onder mense. Die oorsaak is die “welluste wat in julle lede stryd voer”. Die oorspronklike woord vir “welluste” is *hedonai* – wat dui op selfsugtige, sintuiglike begeertes. Jakobus voer dit ook aan as die oorsaak van hulle biddeloosheid – hierdie beheptheid met hulle eie begeertes.

Ons moet hieruit leer dat ons ons eie sinlike begeertes moet prysgee en ruil vir die geestelike begeerte na God. Dis immers die gesindheid wat ons by Jesus Christus vind: *Hy wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem ...*

*Sing: Psalm 27-1:2*

*Ds. PGP le Roux (Pieter) (Wonderboompoort)*